LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

25-09-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 33 VIR 2018

1 UITTEKEN VAN LEERDERS:

Geen leerder word uitgeteken deur 'n ander persoon buiten sy/haar ouers nie. Indien ouers dit nie kan doen nie, moet 'n skriftelike brief ingehandig word by Mev Chrissie Maré.

2 FOTODAE:

Nuwe datums sal deurgegee word.
Bestelvorms moet by registerklasse ingegee en betaal word voor 28 September 2018.

3 KOOR:

♬ Daar is geen Juniorkooroefening die week nie.
♬ Daar is Seniorkooroefening vanaf 14:00 tot 15:30 op Woensdag.

4 FORMELE ASSESSERING:

Leerders is skoolpligtig tot en met 28 September 2018. Onderwysers is steeds besig met formele onderrig in die klasse.

5 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 2:

Al die kuns se uitslae van Suikerbosrand Eisteddfod moet asb. so gou moontlik ingehandig word.

6 MUSIEKFEES:

Ons Musiekfees vind plaas op 16 & 17 Oktober 2018. Dit gaan 'n besonderse geleentheid wees. Kaartjies sal vanaf die 4de kwartaal beskikbaar wees.

7 ATLETIEK:

Daar is atletiek oefening vir die leerders wat by die buite-afrigters oefen, maar geen oefening vir dié wat by ons eie personeel oefen nie, a.g.v. vergaderings en ander pligte die week.
Onthou: Ons huissport vind plaas op 25 Oktober 2018 en op 1 November 2018 het ons 'n weg byeenkoms.

8 KULTUURAAND 2019:

Ons Kultuuraand van 2019 vind plaas op 15 Februarie 2019 by Lezar Opstal en kaartjies beloop R350 per persoon. Ons gaskunstenaar is Jo Black. Dié kaartjies sal vanaf Dinsdag, 25 September 2018 beskikbaar wees vir verkope by Mev Chrisna Meyer in die finansieskantoor.

9 KELNERBRIEF:

Al die Graad 6 leerders se kelnerbriewe vir die Kultuuraand van 2019 moet so gou as moontlik ingehandig word.

10 RAPPORTE:

Die rapporte word Donderdag, 27 September vanaf 17:00 tot 18:00 uitgedeel in die saal.

11 SKOOL SLUIT:

Die skool sluit Vrydag om 10:00.

12 ALGEMENE JAAR- EN BEGROTINGSVERGADERING:

Ons algemene jaar- en begrotingsvergadering waar die skoolgeld vir 2019 vasgestel gaan word, vind plaas op 30 Oktober 2018 in die skoolsaal vanaf 18:00. Dagboek asb. hierdie datum sodat al ons ouers teenwoordig kan wees.

13 LCS CHALLENGE 4 HOPE:

Op 13 Oktober 2018 word bogenoemde byeenkoms gehou by Lezar Opstal. Daar is 'n "Fun run" - 10km vir R60 en 'n 3km vir R50. Kom haal jou registrasievorm af by Mev Chrisna Meyer in die kantoor voor Vrydag, 28 September 2018.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF